7 Oktober 2018

Beste Deelnemer

Wyn/brandewyn-proeë word vanjaar weer in samewerking met Deloitte in Kaapstad, Johannesburg en Durban aangebied.

Neem asb kennis dat daar twee proeë in elk van die stede aangebied word. Daar is 'n aparte proe vir Deloitte VIP besigheidsmanne/vroue en 'n *ander proe vir Handelaars (hoofsaaklik restaurateurs, drankwinkel-eienaars, hoteliers, kos & drankbestuurders), media en die publiek*.

Daar sal ook weer proeë van geselekteerde Goud en Dubbelgoudwyne in Port Elizabeth en Knysna aangebied word.

Kaartjies vir die publiek is beskikbaar by Computicket - www.computicket.com.

A ***SPESIALE DELOITTE PROEë***

Deloitte is gasheer vir drie spesiale proeë – op uitnodiging – wat hulle vir uitgesoekte gaste aanbied. Dit sal insluit die Hoof Uitvoerende Beamptes, Hoof Finansiële Beamptes en Bedryfshoofde van top maatskappye in Suid Afrika. Hierdie is 'n ideale geleentheid om jou wenwyne aan 'n hoogs gesofistikeerde groep mense bekend te stel.

U vriendelike samewerking om 'n sukses van die addisionele VERITAS promosie te maak, sal waardeer word. Ons versoek dat 'n wynmaker of gekwalifiseerde verkoopspersoon hierdie proeë sal hanteer met die nodige vorms vir wynbestellings.

Kaapstad: Woensdag 17 Oktober 2018 van 17:30 tot 21:00. *(Ongeveer 400 gaste word verwag)*
Balsaal Oos, KIKS, Kaapstad

Johannesburg: Woensdag 24 Oktober 2018 van 17:30 tot 21:00. (*Ongeveer 400 gaste word verwag)*
Deloitte, Building 33 Deloitte, The Woodlands, 20 Woodlands Drive, Woodmead, Sandton

Durban: Dinsdag 6 November 2018 van 17:30 tot 20:30. *(Ongeveer 300 gaste word verwag)*
Deloitte, 2 Pencarrow Park, Pencarrow Crescent, La Lucia Ridge Office Estate

B ***HANDEL EN PUBLIEKE PROEë:***

1 KAAPSTAD: Dinsdag 16 Oktober 2018
1.1 PLEK: Balsaal Oos, KIKS, Kaapstad
1.2 TYD: 17:00 - 20:00

2 JOHANNESBURG: Dinsdag 23 Oktober 2018
Soos in die verlede kombineer ons die VERITAS proe met WINEX om sodoende sinergie in die bedryf te bevorder. Dit beteken ook kostebesparing vir almal wat na Johannesburg reis en die rede waarom die Veritas proe op Dinsdagaand plaasvind. (Die Veritas proe vind ook by die Sandton Konferensiesentrum plaas)

2.1 PLEK: Bill Gallagher Kamer, Vlak 1, SANDTON Konferensiesentrum, (Maudestraat)
2.2 TYD: 17:00 - 20:00

3 DURBAN: Woensdag 7 November 2018
In Durban volg ons dieselfde formaat as in Kaapstad en Johannesburg. Ons het egter begrip dat dit duur is om vir twee aande vir so 'n proe na Durban te reis. Ons wil voorstel dat u verspreider/agent in Durban na u wyn omsien indien dit nie vir u moontlik is nie.

3.1 PLEK: Funksiekamer, Deloittes Hoofkantoor, Pencarrow Park, Pencarrow Crescent, La Lucia Ridge Office Estate, Durban
3.2 TYD: 17:00 - 20:00

4 ***<u>WYNE</u> (verwys reël B3.2 van die 2018 Veritas katalogus)***
Deelnemers wat dubbelgoud en goue toekennings verwerf het, <u>moet</u> hulle wyne beskikbaarstel vir die proeë in Kaapstad, Johannesburg en Durban.

Die volgende hoeveelheid van die wenwyne moet gratis aan Veritas voorsien word vir die verskillende wynproeë en bemarkingsgeleenthede deur die loop van die jaar, nl.

- **Wit- en Rooiwyn – 36** x 750ml bottels (óf 27 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)
- **NLH – 12** x 375 ml óf 4.5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes
- **Muskadel en Port – 6** x 750 ml bottels (óf 9 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)
- **Museumklasse – 6** x 750ml bottel (óf 4,5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)
- **Brandewyn - 12** x 750 ml bottel (13.5 liter in die geval van ander verpakkingsgroottes)

NB: Maak seker die bogenoemde bottels het reeds die DG/G seël op.

<u>AFLEWERING VAN WYN:</u>
NB: Hierdie wyn/brandewyn moet op Woensdag 10 en Donderdag 11 Oktober 2018 by die Veritas kantoor afgelewer word (Louwslaan 12D, Suider Paarl).
Veritas sal die wyne by die verskillende proelokale besorg.

5 **Deelnemers moet 'n wynmaker/kelderassistent/bemarker/skakelpersoon/agent of verspreider voorsien om die wyne by die tafel te hanteer.**
NB: Slegs 2 persone per kelder – toegang sal streng toegepas word en verteenwoordigers sal armbandjies hiervoor ontvang

- ***Indien u nie self 'n persoon reël nie, sal Veritas reëlings hiervoor tref teen 'n koste van R300/aand.***
  - ***Senior Kaapse Wynakedemie studente sal genader word om hiermee te help.***
  - ***Hulle sal 4/5 wyne per persoon verteenwoordig, maar as iemand net na u wyn moet omsien, verhoog die koste na R600paand.***
  - ***Indien hulle nie beskikbaar is nie, sal die Veritas personeel die wyn bedien.***
- ***Indien u net nie opdaag nie, sal daar 'n faktuur uitgemaak word om die hulppersoon in u plek te betaal.***
- ***Proenotas en pryse moet in die geval voorsien word.***

6 Die proe sal op dieselfde wyse as verlede jaar aangebied word.

- ***Geen optrek baniere, tafeldoeke of enige dekor/blomme nie***
- ***Voorsien asb brosjures en bestelvorms***

7 Die sukses van die proeë hang af van die grootste moontlike aantal deelnemers om die uitgesoekte gehoor van ± 200 persone uit die handel en die verwagte groep van 350 lede van die publiek per sessie te bedien in die groter sentrums.

8 ***<u>NB: MAAK ASB SEKER DAT U TEN MINSTE 30 MINUTE VOOR DIE TYD ARRIVEER!</u>***
Dit skep 'n swak indruk vir Veritas, jou mede-wynmakers en ons bedryf indien jy laat is.

9 **SAMEWERKING MET DIE HANDEL**
Veritas beplan weer bemarkingsgeleenthede vir alle dubbelgoud en goue wyne/brandewyn onmiddellik na afloop van die bekendmaking van die uitslae. Deelnemers word versoek om 'n minimum van 20 kiste (12 x 750ml) teen markverwante pryse aan die handel hiervoor te verskaf. Die handel onderneem om al die aankoop reëlings direk met deelnemers te tref.

Checkers in samewerking met Veritas het nuwe toegewyde areas in hulle wynafdelings bekendgestel waar bekroonde Veritas wenwyne tentoongestel en verkoop gaan word. Hulle sal deelneemers direk kontak na die uitslae aangekondig is.

Hiermee word deelnemers 'n gulde geleentheid gebied om wyn te verkoop terwyl verbruikers landwyd kans kry om die wenwyne aan te koop.

Stuur asb die bygaande vorm terug na die VERITAS kantoor voor 11 Oktober 2018.
Rig asb alle navrae aan Juanita Samuels by Tel: 021 863 1599 of epos: info@veritas.co.za.

By voorbaat baie dankie vir u samewerking om die Veritas wenwyne só aan die handel, die publiek en sakelui bekend te stel.

Vriendelike groete

BENNIE HOWARD
SAMEROEPER: BEMARKINGSKOMITEE

ELSABé FERREIRA
BESTUURDER